Horison Preprimêr

INLIGTING 2017

Horison Preprimêr

VROEë KINDERONTWIKKELINGSENTRUM

Geagte Ouers

Baie dankie dat u Horison Preprimêr oorweeg vir u kind se inskrywing. Dit sal vir ons werklik 'n voorreg wees om u kleuter te koester en te help ontwikkel binne 'n holistiese raamwerk, dit wil sê om u kind in GEHEEL te ontwikkel. Die klasindelings sal op die eerste skooldag van die nuwe jaar bekend gemaak word.

Ons kleuterskool spreek drie vlakke van ontwikkeling aan deur middel van drie graadgroepe:

Graad S	=	SPEELGROEP (3 – 4 jariges)
Graad RR	=	"Reaching for Readiness" (4 – 5 jariges)
Graad R	=	"Readiness year /Reception year" (5 – 6 jariges)

Ons sien daarna uit om u en u kleuter op Woensdag 11 Januarie 2017 om 08:00 te ontvang. Tafels met die klasindeling sal buite die skoolsaal wees en kleuters kan dan direk na hulle klasse toe gaan.

Indien u enige verdere navrae het, is u welkom om Me Cynthia Meyer die Kleuterskoolhoof te kontak by 011/763-5617/8.

U is ook welkom om my as hoof, mnr. Deon van der Walt te kom besoek, my deur is altyd oop vir u.

Indien u nog nie 'n afbetalingsooreenkoms voltooi het nie, moet u dit asb. so gou as moontlik by ons boekhoudster Me. Amanda Wentzel kom doen. Ons sal dit baie waardeer indien u van die debietorderstelsel gebruik sal maak. U kan die nodige vorms by Me. A. Wentzel voltooi.

Net 'n vriendelike versoek:
Indien u nog nie u kleuter se **R700** registrasiefooi betaal het nie, moet u dit asseblief so spoedig moontlik kom betaal by ons kassiere, Me. S. Grunow (763-5617/8) of inbetaal by **ABSA Horison (630841) Lopende rekening 0330714603** *met die kind se naam en van en 2017 as verwysing.*

Die Preprimêre Skool het ook hul eie skooldrag – dit is te koop by:

Antoinettes Uitrusters:	H/v Horn- en Genl. Pienaarstraat, Witpoortjie; Telno. 011/955-2285
Viva Sport:	H/v Olivierstraat 10 en The Highway, Florida;Telno. 011/672-756
Friendly House:	Van Wykstraat 13, Roodepoort Tel: 011/763-2566
Digital Sport:	lezel@digitalstorm.co.za ; Telno. 011/477-8281

Nogmaals baie welkom by Horison Preprimêr.

Horisongroete.

G.F. VAN DER WALT
SKOOLHOOF

ME. C. MEYER
KLEUTERSKOOLHOOF

Horison Preprimêr

VROEë KINDERONTWIKKELINGSENTRUM

REëLINGS VIR DIE EERSTE SKOOLDAG OP WOENSDAG, 11 JANUARIE 2017 VIR DIE NUWE GRAAD R, GRAAD RR- EN SPEELGROEPLEERDERS EN HULLE OUERS

AMPTELIKE SKOOLDAG: WOENSDAG, 11 JANUARIE 2017

- Tafels met klasindelings sal by die skoolsaal wees.
- U neem u kleuter na sy/haar betrokke onderwyseres se klaskamer.
- Die kleuters verdaag om 13:00 en u moet asseblief persoonlik u kleuter by sy/haar klaskamer afhaal indien hy/sy nie na die Naskoolsentrum toe gaan nie.
- Die benodigdhede soos deur u aangekoop moet asseblief eers op Vrydag, 13 Januarie 2017 skool toe gestuur word en duidelik gemerk word met u kleuter se naam op.

NASKOOLSORG

- Vir alle NASORGREëLINGS kontak me. A. Vermeulen by (011) 763 8747; 079 517 8914

SKOOLDRAG VIR KLEUTERS

Skooldrag bestaan uit 'n speelpakkie vir die somer en 'n sweetpak vir die winter.
Daar is ook 'n "drimac" beskikbaar.

Ons verwys na die volgende verskaffers waar u die skoolklere kan aankoop:

Antoinettes Uitrusters:	h/v Horn- en Genl. Pienaarstraat, Witpoortjie Tel: 011/955-2285
Viva Sport:	h/v The Highway en Olivierstraat 10, Florida Tel: 011/672-7562
Friendly House:	Van Wykstraat 13, Roodepoort Tel: 011/763-2566
Digital Sport:	lezel@digitalstorm.co.za, Tel: 011/477-8281

VRYDAE – DENIMDAG

- Elke Vrydag is Denimdag by die skool. Kleuters betaal R2.00 en trek dan 'n denim aan met 'n oranje hempie wat ook by Antoinettes Uitrusters beskikbaar is.

SKOOLKALENDER 2017

Termyn	Duur	Aantal weke	Aantal dae	Aantal publieke en skoolvakansiedae	Aantal skooldae
1	11 Januarie – 31 Maart	12	56	1+1	56
2	18 April – 30 Junie	11	54	3+1	50
3	24 Julie – 29 September	10	50	2	48
4	9 Oktober – 8 Desember	09	43	0	43
TOTAAL		43	205	6+2	197

PUBLIEKE VAKANSIEDAE – 2017

- 20 Maart - Skool Vakansiedag
- 21 Maart - Menseregtedag
- 14 April - Goeie Vrydag
- 17 April - Familiedag
- 27 April - Vryheidsdag
- 28 April - Skool Vakansiedag
- 1 Mei - Werkersdag
- 16 Junie - Jeugdag
- 9 Augustus - Vrouedag
- 24 September - Erfenisdag

G.F. VAN DER WALT
SKOOLHOOF

Horison Preprimêr

VROEë KINDERONTWIKKELINGSENTRUM

Dokumentasie met inskrywings: 2017

Liewe Ouers

Die volgende dokumentasie moet saam met die inskrywingsvorm ingehandig word.

1. Geboortesertifikaat van kind/ers.
2. Bewys van adres (water- en elektrisiteitsrekening)
3. Afskrif van immuniseringskaart
4. ID-dokumente van ouers
5. Inskrywingsfooi van R700 is betaalbaar by inskrywing wat nie terugbetaalbaar is by kansellasie nie. U sal 'n bewys van inskrywing ontvang om die inskrywing te bevestig. Die fooi is betaalbaar by inskrywing of 'n EFT-betaling in die volgende rekening:

ABSA Horison
Takkode: 630841
Reknr: 0330 714 603
Verw.: Kind se naam en van

Faks of e-pos asseblief die bewys van betaling na me. A. Wentzel by 011/763-6355.
E-posadres: finansies@horison.co.za

Indien u nog nie al die bogenoemde dokumentasie ingehandig het nie, sal ons dit waardeer indien u dit so gou as moontlik sal doen.

Byvoorbaat baie dankie.

A. Wentzel
Boekhoudster